

**Saterdag 25 Februarie**

**Skrifgedeelte: Handeling 13:44-52**

**Fokusgedeelte: Handeling 13:48, 52**

**'n Gelowige vol van die Heilige Gees is 'n gelowige vol blydschap!**

Dit behoort nie vir ons vreemd te wees nie, maar op 'n paar plekke in die Skrif word “die Heilige Gees” en “blydschap” met mekaar verbind. Ons lees byvoorbeeld in Galasiërs 5:22 dat “blydschap” deel is van die vrug van die Gees (“vreugde” in die 1983/92-vertaling). Ons lees in 1 Tessalonisense 1:6 dat die gelowiges in Tessalonika God se woord aangeneem het “met 'n blyd-skap wat van die Heilige Gees kom”. Net so lees ons ook in Handeling 13:52 dat die gelowiges in Antiogië “vol blydschap en vol van die Heilige Gees” was.

Wat is dan die verband tussen die Heilige Gees en blydschap? In Handeling 13 lees ons hoe Paulus tydens sy eerste sendingreis op twee opeenvolgende sabbatdae in Antiogië gepreek het. In sy preke verduidelik hy hoe Jesus die vervulling is van God se beloftes en profesieë in die Ou Testament; hoe die Jode Jesus doodgemaak het, maar hoe God Hom uit die dood opgewek het; hoe daar vergewing en vrypraak is van sondes vir elkeen wat in Jesus glo; en hoe die evangelie ook vir die heidene (nie-Jode) bedoel is.

Dit is dan dat ons lees dat die heidene wat dit gehoor het, “baie bly” was. Geen wonder nie! Verlossing in Christus kan nie anders nie as om ons bly te maak. Hierdie blydschap kom van die Heilige Gees. Hy oortuig ons nie net van die waarheid van die evangelie nie, Hy skenk ook nog vir ons die onuitblusbare blydschap wat daarmee gepaardgaan om te weet dat Jesus my Verlosser is.

Mag ons as nuwe mense altyd vanuit hierdie blydschap leef – en sodoende getuig van God se groot verandering in ons lewens.

*Sing: Psalm 2:6 (1936)*

*Ds. AJ (Albert) Coetsee (Uitschot)*